

# DISSIPELSKAP

# LES 36

1	GEBED
---	-------

*Bid vir God se leiding deur sy Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor die maak van dissipels toe aan die Here.*

2	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> DEUTERONOMIUM 28:1 – 31:13
---	---

*Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Deuteronomium 28:1 – 31:13). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.*

3	MEMORISERING (20 minute) <i>[DIE EVANGELIE]</i> DIE HERHALING VAN SERIE C
---	--

## A. 'N METODE VIR DIE HERHALING VAN GEMEMORISEERDE BYBELVERSE

Die herhaling van vroeër geleerde Bybelverse gebeur as volg:

Die hersiening van vroeër gememoriseerde verse word só gedoen:

### 1. Mondelinge herhaling van die nuwe Bybelverse in jou memoriseringshouer.

“Herhaling/repetering van die nuwe Bybelverse” beteken dat jy die laaste 5 Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het minstens eenmaal per dag herhaal. Die herhaling van nuut geleerde Bybelverse is die beste metode om hulle te onthou en noukeurig aan te haal. Herhaal/repeteer daarom die laaste 5 memoriseringsverse uit jou memoriseringshouer minstens eenmaal per dag vir ’n tydperk van 5 weke. Dus, herhaal/repeteer jy elke nuut geleerde Bybelvers 35 maal voordat jy die Bybelvers van jou memoriseringshouer af oorplaas na jou memoriseringslêer.

### 2. Mondelinge herhaling van die ou Bybelverse in jou memoriseringslêer

“Herhaling/repetisie van die ou Bybelverse” beteken dat jy al jou ou Bybelverse in jou memoriseringslêer minstens elke 3 weke herhaal. Die herhaling/repetering van vroeër geleerde Bybelverse is die beste metode om hulle nie te vergeet nie en steeds noukeurig aan te haal. Herhaal/repeteer daarom 5 uit elke 100 ou memoriseringsverse uit jou memoriseringslêer minstens eenmaal per dag. Dus, herhaal jy al jou voorheen gememoriseerde Bybelverse een keer elke drie weke.

### 3. Hou jou memoriseringshouer byderhand.

Plaas elke dag jou laaste 5 nuut gememoriseerde Bybelverse en 5 uit elke 100 vroeëre gememoriseerde Bybelverse in jou memoriseringshouer en hou dit die hele dag byderhand. Gebruik los tye wat jy moet wag of iewers heen moet ry as geleenthede om hulle te herhaal, daaroor na te dink en daaroor te bid.

### 4. Kontroleer akkuraatheid.

Kontroleer jouself gereeld om vas te stel of jy die geleerde Bybelverse wel goed geleer het en nog korrek kan aanhaal. Kontroleer mekaar se 5 laaste geleerde Bybelverse twee-twee gedurende elke byeenkoms van die groep. Kontroleer of die ander persoon die onderwerp, die teksverwysing, die Bybelvers en die teksverwysing nog sonder ’n fout kan herhaal. Gee as wenk “die onderwerp”, of “die teksverwysing” of “die eerste reël van die Bybelvers”.

## B. HERHAAL/REPETEER\_TWEE - TWEE SERIE C: “DIE EVANGELIE”

### (C) Die evangelie

- (1) Die aard van die sonde. Romeine 3:23. Almal het gesondig en het nie deel aan die heerlikheid van God nie.
- (2) Die straf vir die sonde. Prediker 12:14. God sal rekenskap eis oor alles wat gedoen word, ook oor wat in die geheim gedoen word, of dit goed is of kwaad.
- (3) Die versoening van sonde. Romeine 5:8. Maar God bewys sy liefde vir ons hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

(4) Verlossing is 'n geskenk. Efesiërs 2:8-9. Julle is inderdaad uit genade gered, deur **geloof**. Hierdie geloof (beter as “redding”) kom nie uit julleself nie; **dit is 'n gawe** van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie.

(5) Verlossing deur geloof. Johannes 1:12. Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.

4	BYBELSTUDIE (70 minute) <i>[GEMEENTE]</i> CHRISTENE LEWE EN FUNKSIONEER AS 'N LIGGAAM IN DIE GEMEENTE 1 KORINTIËRS 12:4-7,12-28
---	---

Maak gebruik van die vyf stappe metode en doen saam Bybelstudie uit 1 Korintiërs 12:4-7,12-28.

### STAP 1. LEES.

### GODS WOORD

*Lees.* Ons gaan 1 Korintiërs 12:4-7,12-28 saam met mekaar bestudeer.

Laat elke lid van die groep 'n beurt kry om één vers uit die Bybelgedeelte voor te lees.

### STAP 2. ONTDEK.

### WAARNEMINGS

*Oorweeg.* WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR JOU BELANGRIK?

Of: WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART/EMOSIES?

*Skryf neer.* Ontdek een of twee waarhede in die Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek.

*Deel.* Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte maak om te vertel wat hulle ontdek het.

Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings as hierdie maak.

12:4-7,12-26

#### Ontdekking 1. Hoe die wêreldwye Gemeente (Kerk) behoort te funksioneer.

Paulus gebruik die funksies van die menslike liggaam om die funksies van die Liggaam van Christus te illustreer. Die Bybel leer drie belangrike beginsels vir die funksionering van die Gemeente.

(1) Die wêreldwye Gemeente en plaaslike gemeentes behoort die evangelie te verkondig.

Sonder geloof in Jesus Christus sal niemand gered word nie. Jesus het gesê, “As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie” (Johannes 3:3,5). En die apostel Paulus sê dat 'n mens alleen met die Gees tot die Liggaam van Christus gedoop kan word, d.w.s. alleen deur wedergeboorte deur die Gees deel van die wêreldwye Gemeente (Kerk) kan word (1 Korintiërs 12:13). Niemand word gebore as 'n Christen omdat sy ouers Christene is nie. Jesus het gesê, “Moenie verbaas wees dat Ek vir jou gesê het: Julle moet opnuut gebore word nie” (Johannes 3:7)! Alleen deur te glo “in die Naam van Jesus” (d.w.s. in Jesus Christus soos Hy Hom in die Bybel geopenbaar het) en Hom in jou hart en lewe aan te neem, gee 'n mens die vermoë om 'n wedergebore kind van God te word (Johannes 1:12-13). Geloof kom deur die woorde van Jesus Christus te hoor (Romeine 10:14-17). Daarom is dit belangrik dat die evangelie verkondig word!

(2) Die wêreldwye Gemeente en plaaslike gemeentes behoort verskeidenheid te verwelkom.

Hoewel daar maar één wêreldwye Gemeente (Kerk) (Liggaam van Christus) bestaan, bestaan dit uit baie verskillende lede. Die lede van die wêreldwye Gemeente kom van elke land, volk stam en taal (Openbaring 5:9). Al hierdie lede verskil van mekaar t.o.v. die genadegawes wat hulle ontvang het, t.o.v. die bedienings wat hulle verrig en t.o.v. die maniere waarop die Heilige Gees sy werk in hulle en in die gemeentes manifesteer (1 Korintiërs 12:4-7).

Kom ons kyk na voorbeelde: Een Christen ontvang miskien die genadegawe van onderrig, word geroep om te dien as leraar van kinders en manifesteer sy bekwaamheid of talent in die les gee deur verhale te vertel en sketse te maak. 'n Ander Christen ontvang ook die genadegawe van onderrig, maar word geroep om te dien as leraar van volwassenes en manifesteer sy bekwaamheid of talent in lesaanbieding deur goeie Bybelstudies en Skrifuitleg. Die lede in die wêreldwye gemeente (Kerk) verskil ook van mekaar t.o.v. die plek wat God vir hulle aanwys in die Gemeente (vers 18). Kom ons gebruik 'n ander voorbeeld: Een Christen met die genadegawe van barmhartigheid word aangewys om die armes in die plaaslike gemeente te versorg. 'n Ander Christen met dieselfde genadegawe van barmhartigheid word aangewys om gestremdes of vreemdelinge (vlugteling) in die gemeenskap buite die plaaslike gemeente te help.

Die kenmerk van die egte wêreldwye Gemeente (Kerk) is dus nie uniformiteit nie, maar juis verskeidenheid. Uniformiteit beteken dat van alle lede verwag word om hulle op dieselfde wyse aan te trek, te praat en hulle te gedra of aan dieselfde aktiwiteite (godsdiensoefeninge en godsdiensoverpligtinge) deel te neem. Uniformiteit lei tot onenigheid, twis en konflik, omdat alle lede van die gemeente nie die ruimte kry om hulle genadegawe in 'n bediening in te sit nie. Maar verskeidenheid lei tot egte eenheid, omdat die bydrae van elke Christen nodig is en elke Christen die bydrae van die ander nodig het! Die wêreldwye Gemeente (Kerk) en die plaaslike gemeentes kan alles wees wat hulle behoort te

wees en doen wat hulle behoort te doen, wanneer hulle hierdie groot verskeidenheid van lede het en wanneer al hierdie lede vanuit die middelpunt, naamlik die Hoof, Jesus Christus, beheer word.

(3) Die lede van die wêreldwye Gemeente en plaaslike gemeentes behoort wedersyds van mekaar afhanklik te wees.

In die wêreldwye Gemeente (Kerk) en ook in die plaaslike gemeente is daar geen enkele rede om minderwaardig of meerderwaardig te voel nie. Die oog het 'n oor nodig en die hand het 'n voet nodig. Elke lid is noodsaaklik vir die plaaslike gemeente en die wêreldwye Gemeente om te funksioneer. Elke lid behoort vir die ander lede sorg te dra en elke lid het die sorg van die ander lede nodig. Om mekaar te dien met jou genadegawe is 'n ander manier om mekaar lief te hê! 'n Christen kan eenvoudig nie sonder die genadegawes en bedienings van ander Christene klaarkom nie. Die bediening van een Christen vul die bediening van 'n ander Christen aan. So word beide die plaaslike gemeente en die wêreldwye Gemeente (Kerk) op die bes moontlike manier opgebou. Elke Christen behoort dus andere te dien met sy genadegawe en tegelyk heelhartig toe te laat dat ander Christene hom met hulle genadegawes dien.

---

12:28

### Ontdekking 2. Die belang van genadegawes in die wêreldwye Gemeente.

Paulus sê letterlik, "In die kerk is daar mense aan wie God 'n bepaalde taak gegee het. Ten eerste is daar apostels, ten tweede profete, ten derde leraars; verder is daar dié wat wonderdade kan doen, dan dié wat genadegawes ontvang het om mense gesond te maak, om hulp te verleen, om leiding te gee of om ongewone tale of klanke te gebruik" (1 Korintiërs 12:28). In hierdie brief aan die Korintiërs leer die apostel Paulus dat die belangrikste drie genadegawes is: die apostels, die profete en die leraars. En in die brief aan die Efesiërs leer hy dat vyf genadegawes belangrik is vir toerusting van gemeentelede: apostels, profete, evangeliste, herders en leraars (Efesiërs 4:11)!

(1) Die apostels van Jesus Christus.

Die apostels van Jesus Christus (Efesiërs 1:1; Efesiërs 2:20; Efesiërs 3:5; Efesiërs 4:11) was 'n unieke groep dissipels wat Jesus Christus Self uitgekies, geroep, opgelei en uitgestuur het as sy oog- en oorgetuies, veral van sy dood en opstanding. Hulle het bestaan uit elf dissipels van Jesus (Markus 3:13-19) en Paulus (Handelinge 26:16-18; Romeine 1:1; 1 Korintiërs 9:1-2). Daar is vandag geen "apostels van Jesus Christus" meer nie, omdat niemand m.b.t. die vereistes kwalifiseer nie (Handelinge 1:21-22).

(2) Die apostels van die gemeentes.

Maar "die apostels van die gemeentes" (Handelinge 14:4; 2 Korintiërs 8:23; Filippense 2:25; 1 Tessalonisense 2:6-7) bestaan nog wel en bestaan uit mense wat deur die gemeentes uitgestuur word om 'n spesiale taak uit te voer. Vandag noem ons hulle "sendelinge" of "gemeente planters".

(3) Die profete van die Ou Testament.

Die profete van die Ou Testament was mense wat van die Gees van die Here openbaringe ontvang het en onder leiding van die Heilige Gees Gods woord gespreek het. Alleen hulle kon sê, "So sê die Here" en hulle woorde is in die Bybel opgeteken. Ook hulle was net soos die apostels van Jesus Christus in die Nuwe Testament 'n unieke groep mense. Daar is vandag geen "profete" meer soos hulle nie, omdat niemand woorde aan die Bybel mag toevoeg nie (Openbaring 22:18-19).

(4) Die profete van die Nuwe Testament.

Maar "die profete van die Nuwe Testament" bestaan nog wel en was mense met die gawe van profesie.<sup>1</sup> Hulle verkondig (preek) die woorde in die Bybel in die krag van die Heilige Gees en raak so die harte van mense. Vandag noem ons hulle "predikers".

Gevolgtrekking: Volgens 1 Korintiërs 12:28 is die drie belangrikste genadegawes: (1) apostels, (2) profete en (3) leraars. En volgens Efesiërs 4:11 is die vyf belangrikste genadegawes: (1) (apostels) die sendelinge of gemeentepianters en gemeentebouers, (2) (profete) die predikers van die openbaring van die Bybel, (3) (evangeliste) mense wat die evangelie veral aan nie-Christene verkondig, (4) (herders) mense wat sorg dra vir veral Christene en (5) (leraars) mense wat die openbaring van die Bybel aan mense duidelik verklaar/uitlê. Mense met hierdie genadegawes is in die wêreldwye Gemeente, maar kan ook in die plaaslike gemeente gevind word. Hulle besit nie alleen 'n spesiale vermoë (funksie) soos byvoorbeeld "onderrig" nie, maar ook 'n spesiale amp soos bv. "leraar". Met hulle funksie of amp moet hulle onder leiding van die plaaslike raad van ouderlinge funksioneer. 'n Tradisionele leraar, priester, dominee, pastor of voorganger is niks meer as één van die ouderlinge in die raad van ouderlinge (kerkraad) nie en mag nooit oor die ander ouderlinge heers nie!

---

<sup>1</sup> Die geestesgawe van profesie bestaan nie uit arbitrêre voorspellings wat Christene maak nie, ook nie uit dinge wat Christene dink dat die Heilige Gees aan hulle sê nie en word ook nie geleer in sogenaamde profeteskele nie. Die Here veroordeel hierdie soort van profesie as "valse profesieë" in Jeremia 23:16-40. Die letterlike en juiste vertaling van Openbaring 19:10 is die volgende: "Die getuienis van Jesus is die gees van profesie", d.w.s. die getuienis deur Jesus oor Jesus is die openbaring van Jesus deur sy Gees aan die Ou-Testamentiese profete (1 Petrus 1:10-12) en aan die Nuwe-Testamentiese apostels (Johannes 16:13-15). Dié getuienis is die "gees" (kern of essensie) van Bybelse profesie. Ware Bybelse profesie is die verkondiging van die Bybelse openbaring in die krag van die Heilige Gees.

In 1 Korintiërs 12:31 sê Paulus dat Christene vir wie die Heilige Gees genadegawes gegee het ywerig moet verlang na genadegawes wat die boodskap van God in die Bybel in verstaanbare woorde uitdruk (1 Korintiërs 14:19) en wat mense opbou, vermaan en vertroos (1 Korintiërs 14:3). Paulus noem hierdie genadegawes “die beste genadegawes”. En bo alle genadegawes staan die liefde (1 Korintiërs 13).

### STAP 3. VRAAG.

### UITLEG

**Oorweeg.** WATTER VRAAG UIT HIERDIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer so veel as moontlik van die waarhede in 1 Korintiërs 12:4-7,12-28 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

**Skryf neer.** Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

**Deel.** Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle in die kring beurte maak om hulle vraag voor te lees.

**Bespreek.** Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

12:4-7

#### Vraag 1. Wat is 'n genadegawe of geestesgawe?

**Aantekeninge.** 'n Genadegawe of geestesgawe is 'n spesiale vermoë soos “onderrig gee” of 'n spesiale amp soos “onderwyser/leraar”. Dit is 'n manifestasie van God se genade, krag en wysheid d.m.v. die bediening van 'n Christen (1 Petrus 4:10). Dit is altyd 'n gawe en nooit die produk van die kundigheid of vindingrykheid van die Christen nie. Dit is altyd 'n afgemete gawe en dus altyd beperk in omvang (Efesiërs 4:7). Geen Christen het 'n genadegawe wat alles op daardie gebied kan doen nie.

12:8-10,28

#### Vraag 2. Watter genadegawes word in die Bybel genoem?

**Aantekeninge.** Die lysste van genadegawes in die Bybel is nie volledig nie. Romeine 12:4-8, Efesiërs 4:11 en 1 Petrus 4:10-11 noem die genadegawes wat in die gemeente behoort te funksioneer. 1 Korintiërs 7:1,7, 1 Korintiërs 12:8-10 en 1 Korintiërs 12:28 noem die gawes wat in die gemeente van Korinte gefunksioneer het. Kreatiewe en musikale genadegawes word ook in die Bybel genoem (Eksodus 28:3; Eksodus 31:1-6; Eksodus 35:10,25,35; Eksodus 36:1; Psalm 33:2-3; Psalm 45:1; Psalm 78:72). Die genadegawes kan op verskillende maniere uitgedruk word, bv. daar is genadegawes van onderrig aan kinders, genadegawes van onderrig aan gestremdes en genadegawes van onderrig aan volwassenes. Geen Christen het alle genadegawes ontvang nie.

#### Vraag 3. Wat is die vier doele van genadegawes?

**Aantekeninge.** Die vier doele van genadegawes is:

- Om mekaar te dien (1 Petrus 4:10-11).
- Om die wêreldwye Gemeente en die plaaslike gemeentes op te bou (1 Korintiërs 14:12).
- Om Christene toe te rus vir hulle werk in die bediening (Efesiërs 4:11-13).
- En uiteindelik om God in alles te verheerlik (1 Petrus 4:11)!

12:11

#### Vraag 4. Wie bepaal watter genadegawe iemand kry?

**Aantekeninge.** Die Drie-enige God van die Bybel skenk spesiale vermoëns aan christene of wys spesiale ampte in die Gemeente aan. Hoewel die apostel Christene aan wie die Heilige Gees genadegawes geskenk het, aanspoor “Lê julle toe op die beste genadegawes” (1 Korintiërs 12:31), veral na profesie en bowenal na die liefde (1 Korintiërs 14:1), bly God (1 Petrus 4:10), Christus (Efesiërs 4:7) of die Heilige Gees (1 Korintiërs 12:11) op soewereine wyse bepaal watter genadegawe 'n Christen ontvang! God bepaal die spesifieke genadegawe, die spesifieke bediening, die spesifieke werking of manifestasie van die genadegawe (1 Korintiërs 12:4-7) en die spesifieke plek vir elke Christen in die wêreldwye Gemeente (1 Korintiërs 12:18).

#### Vraag 5. Hoe ontdek 'n Christen sy spesifieke genadegawe?

**Aantekeninge.**

(1) Deur die Bybel te bestudeer en te bid.

Die Bybel leer wat 'n genadegawe is, watter genadegawes die belangrikste is en hoe Christene met die genadegawes behoort om te gaan. Bestudeer die Bybel. Vra God om vir jou duidelik te maak of jy 'n genadegawe ontvang het en indien wel, wat dit is. Moenie vergeet dat bese geeste ook poog om hulle “geestesgawes” te produseer in mense wat op hulle vertrou (1 Korintiërs 14:12)

(2) Deur aktief in die plaaslike gemeente of wêreldwye Gemeente te dien.

God gee genadegawes nie as 'n ornament om mee te spog nie, maar as 'n vermoë om andere mee te dien. M.a.w., wie nie dien nie, kan ook nie te wete kom of hy 'n genadegawe ontvang het nie. Om wel dit te wete te kom, moet jy in verskillende bedieninge betrokke raak – bedieninge soos kinders onderrig, jeugwerk, barmhartigheid aan die armes en eensames, bemoediging van mense met probleme, evangelisasie onder nie-Christene, dissipels te maak onder die Christene, ens. Jy sal gou te wete kom watter vermoëns jy wel het en watter nie.

(3) Deur evaluering van jou bediening.

'n Genadegawe is 'n vermoë wat jou aanspoor om op 'n bepaalde gebied te dien. Jou genadegawe is tegelyk 'n verlange, 'n vermoë en 'n openbaring (manifestasie) van Gods werk in jou. Omdat 'n genadegawe nie geskei kan word van die dien van andere of die opbou van die gemeente nie, sal die effek van jou genadegawe op ander mense en in die gemeente 'n heel goeie aanduiding wees van jou tipe genadegawe.

Stel die volgende vrae aan jou mede-Christene:

- “Hoe evalueer ander Christene my bediening?”
- “Wat vra ander Christene my steeds om te doen?”
- “Wat sê hulle dat ek goed kan doen?”
- “Het dit wat ek doen hulle gehelp?”

Stel die volgende vrae aan jouself:

- “Hoe evalueer ekself my bediening?”
- “Wat geniet ekself om te doen?”
- “Wat dink ek self kan ek goed doen?”
- “Wat doen ek wat ander mense help of opbou?”

---

12:4-7,14-27

Vraag 6. Hoe behoort 'n Christen homself in die plaaslike gemeente of wêreldwye Gemeente te beskou?

**Aantekeninge.**

**Lees** Romeine 12:3-6; 1 Korintiërs 12:4-7,14-27

(1) God bepaal die verskeidenheid in die gemeente.

Daar is verskille tussen Christene wat God in sy alwetendheid en almag beskik het en wat Hy in sy liefde en genade op verskillende maniere verdeel. Daar is verskille in die maat van geloof van Christene, verskille in die bediening in die wêreldwye Gemeente, verskille in die genadegawes wat God uitdeel en verskille in die genade wat God gee. God se soewereine wil bepaal die verskeidenheid onder Christene en ook die rigting van elke Christen se lewe.

(2) God gee genade aan die nederige.

“Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het” (Romeine 12:3). Om van jouself meer te dink as wat jy behoort, is hoogmoed! Hoogmoed bestaan uit die begeerte van 'n reg (voorreg) wat nie aan jou behoort nie. Hoogmoed bestaan uit die verlange om 'n bepaalde genadegawe uit te oefen wat nie aan jou gegee is nie. Niemand is immuun teen 'n oorskatting van sy gevoel van eiewaarde nie. 'n Christen wat 'n hoër of ander genadegawe (vermoë of amp) begeer as wat God aan hom toegewys het, is besig met moedwillige selfverheerliking. “Nederigheid” is om beskeie oor jouself te dink, of te dink na die mate van geloof soos God dit aan jou toebedeel het, d.w.s. jy aanvaar van harte die genadegawe wat vir jou geskenk is (Romeine 12:3-6). Christene moenie dink dat hulle genadegawes het wat nie aan hulle geskenk is nie, maar Christene moet ook nie die genadegawes wat aan hulle geskenk is ontken of verwaarloos nie. 'n Oordrewe gevoel van eiewaarde en 'n valse beskeidenheid is beide verkeerd in God se oë. God gee genade aan die nederiges (1 Petrus 5:5-6).

(3) God bepaal die maat van geloof van 'n Christen.

“Die maat van geloof” soos God dit aan elke Christen toebedeel het (Romeine 12:3) verwys nie na die hoeveelheid geloof nie, maar na die soort geloof. Die verskillende mate van geloof verwys na die verskillende maniere waarop Christene hul geloof (as kennis, vertrou en gehoorsaamheid) m.b.t. die verskeidenheid van genadegawes (vermoëns en ampte) in die plaaslike gemeente en in die wêreldwye Gemeente uitoefen. God se genade skenk elke Christen 'n spesifieke mate van geloof, d.w.s. as 'n lid van die Liggaam van Christus ontvang elke Christen 'n spesifieke genadegawe of 'n ander vorm van genade, 'n taak en 'n plek in die wêreldwye Gemeente van Christus. Hy ontvang ook 'n mate van geloof (kennis, vertrou, gehoorsaamheid) wat daarmee ooreenstem (vgl. Filippense 1:29), waardeur en binne die perke waarvan hy sy genadegawe kan uitoefen. Alle genadegawes kan alleen deur geloof en liefde met vrug en die seën van God beoefen word (1 Korintiërs 13). Dus, elke genadegawe het grense (beperkings) ten opsigte van die soort funksie en t.o.v. die plek waar dit uitgeoefen behoort te word.

---



## Vraag 7. Wat is die verskil tussen die gawes van die Gees en die vrug van die Gees?

**Aantekeninge.** Die besit en gebruik van die genadegawes is geen bewys dat 'n Christen geestelik of volwasse is nie! Hoewel die Christene in die gemeente van Korinte alle genadegawes besit het (1 Korintiërs 1:7), was hulle alles behalwe geestelik of volwasse (1 Korintiërs 3:1-4; 1 Korintiërs 13:8-11). Inteendeel was hulle ongeestelik (vleeslik) en onvolwasse (nog babas in Christus). Hulle het rusie gemaak, in verskillende kerkgenootskappe verdeel en net so onveranderd gebly as die mense in die wêreld (die ongelowiges, die nie-Christene). Die beoefening van genadegawes sonder die liefde is volkome waardeloos in God se oë (1 Korintiërs 13:1-3). Die werklike bewys dat 'n Christen geestelik en volwasse is, is nie een of ander genadegawe soos bv. die spreek in tonge of profesie nie, maar is die vrug van die Heilige Gees: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, geloof, sagmoedigheid en selfbeheersing (Galasiërs 5:22-23; 1 Korintiërs 13:13).

### **STAP 4. DOEN.**

### **TOEPASSINGS**

**Oorweeg.** WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

**Deel en skryf neer.** Kom ons hou 'n dinkskrum met mekaar en maak 'n kort lysie van moontlike toepassings uit 1 Korintiërs 12:4-7,12-28.

**Oorweeg.** WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET MAAK?

**Skryf neer.** As jy 'n persoonlike toepassing gemaak het, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Jy mag maar hoof nie jou persoonlike toepassing met ander te deel nie.

(Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, is daar 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

### 1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit 1 Korintiërs 12:4-7,12-28.

- 12:12. Besef dat jy as lid van die Liggaam van Christus nie los en onafhanklik van die Liggaam van Christus kan funksioneer nie. 'n Christen kan alleen as deel van die Christelike Gemeente (Kerk) reg en goed funksioneer (Vgl. handleiding 3, supplement 14).
- 12:13. Glo dat alleen wedergeboorte deur die Heilige Gees 'n mens tot 'n egte lid van die Liggaam van Christus kan maak.
- 12:15. Dink nooit te min van jou genadegawe nie, want God het jou onmisbaar vir andere in die Liggaam van Christus gemaak!
- 12:18. Aanvaar die plek en taak wat God aan jou toegewys het in die Liggaam van Christus.
- 12:21. Moenie te veel van jouself dink nie, maar wees beskeie en realities oor die genadegawes wat God jou geskenk het. As 'n lid van die Liggaam van Christus het jy ook ander Christene nodig om te funksioneer, net soos die ander lede van die Liggaam van Christus jou ook nodig het.
- 12:25. Besef dat God die lede van die Liggaam van Christus so saamgevoeg het dat hulle mekaar met dieselfde sorg moet omring.
- 12:26. Dink aan lede met wie jy saam kan ly of bly kan wees.
- 12:28. Moet nooit vergeet dat God alleen, en op 'n soewereine wyse genadegawes skenk aan die wêreldwye Gemeente en aan die plaaslike gemeentes. Omdat plaaslike gemeentes nie alle genadegawes besit nie, het plaaslike gemeentes ook ander plaaslike gemeentes en hulle arbeiders nodig.

### 2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit 1 Korintiërs 12:4-7,12-28.

Ek dank God dat Hy my 'n plek en 'n taak gegee het in die Liggaam van Christus. My lewe het sin as ek 'n bydrae aan andere kan lewer. Elke lid van die Liggaam van Christus is noodsaaklik. God wil dat ek bestaan en Hy wil my gebruik!

Ek aanvaar die feit dat bepaalde genadegawes spesiale vermoëns (soos prediking, onderrig, barmhartigheid, ens.) en ander spesiale ampte is (soos sendelinge, gemeentepianterers, gemeentebouers, predikers, evangeliste, herders en leraars). Hierdie ampte is nie die leiers van die wêreldwye Gemeente of plaaslike gemeente nie. Hulle staan nie buite of bo die ouderlinge as die leiers in die gemeente nie. Sommige ouderlinge en ander gemeentelide kan een van hierdie genadegawes as amp besit, maar hierdie genadegawes is nie noodsaaklik om te kwalifiseer vir die amp van ouderling nie! Christene wat een van hierdie genadegawes as amp besit, is nie belangriker as die ander Christene wat nie hierdie genadegawes besit nie. Hierdie genadegawes as ampte is veral nodig om die Christene toe te rus vir hulle werk in die wêreldwye Gemeente (Kerk). (Efesiërs 4:11-12).

### **STAP 5. BID.**

### **REAKSIE**

**MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET** in 1 Korintiërs 12:4-7,12-28.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. Deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge kan bid.)

5	GEBED (8 minute)	[VOORBIDDING] BID VIR ANDERE
---	------------------	---------------------------------

*As daar tyd is gaan voort met bid* in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
---	--------------------------	--

*Deel* die voorbereiding vir die volgende keer uit.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die Bybelstudie 1 Korintiërs 12:4-7,12-28 met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
2. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk op 'n keer uit Josua 1-4. Maak gebruik van jou gekose Bybelvers of gunstelingwaarheid metode.
3. Memorisering. Herhaal die vyf Bybelverse uit serie C: "Die evangelie". Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor stiltetyd, memorisering, Bybelstudie en hierdie opdrag.